Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2013

# REKENINGKUNDE

**PUNTE:** **300**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES verpligte vrae.

2. Beantwoord AL die vrae in die antwoordeboek wat voorsien word.

3. Waar van toepassing, moet bewerkinge getoon word om deelpunte te kan verdien.

4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

5. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou pen gebruik om jou vrae te beantwoord.

6. Die uiteensetting van die vrae word hierondervoorsien. Jy moet probeer om by die voorgestelde, gegewe tydsindeling, vir elke vraag te hou. Om goeie tydsbestuur uit te oefen, probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | AFDELING/INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Versoenings | ***Finansiële Rekeningkunde***<br>• Bankversoeningstaat<br>• Ontleding en interpretasie<br>***Bestuursbronne***<br>• Interne kontrole | 50 | 30 |
| 2 | Vennootskappe | ***Finansiële Rekeningkunde***<br>• Finansiële State<br>• Ontleding en interpretasie<br>***Bestuursbronne***<br>• Bestuur van Vaste Bates | 100 | 60 |
| 3 | Begroting | ***Bestuursrekeningkunde***<br>• Kontantbegroting – voorbereiding en ontleding<br>***Bestuursbronne***<br>• Interne Kontrolemeganismes | 40 | 24 |
| 4 | Nie-Winsgewende Organisasies (Klubs) | ***Finansiële Rekeningkunde***<br>• Algemene Grootboekrekeninge<br>• Ontvangstes en betalings / Inkomstes en uitgawes | 30 | 18 |
| 5 | Kosteberekening | ***Bestuursrekeningkunde***<br>• Kostebegrippe<br>• Berekeninge – koste en gelykbreekpunt<br>• Algemene grootboekrekeninge | 35 | 21 |
| 6 | BTW en Voorraad | ***Finansiële Rekeningkunde***<br>• BTW begrippe en -berekeninge<br>***Bestuursbronne***<br>• Etiese probleme (BTW)<br>• Voorraadstelsels | 45 | 27 |

## VRAAG 1

## VERSOENINGS (50 punte; 30 minute)

1.1 **Bankversoening**

Die onderstaande inligting is uit die boeke van Blitz Handelaars geneem. Die inligting het betrekking op die kontant-/banktransaksies vir Maart 2013.

**GEVRA:**

1.1.1 Die bestuurder het waargeneem dat R5 000 van die uitstaande deposito's nie op die Maart bankstaat verskyn nie. Nadat ondersoek ingestel is, het hy ontdek dat die geld op 12 Februarie 2013 vir kontantverkope ontvang is, nie gedeponeer is nie. Die kassier, wat op daardie stadium in beheer was, het bedank. Die bestuurder het besluit om die bedrag te kanselleer omdat hy nie die geld sal kan verhaal nie.

Maak die nodige inskrywing in die gepaste joernaal, om die R5 000 te kanselleer.

1.1.2 Maak die addisionele, aanvullende inskrywings in die Kontantontvangste- en in die Kontantbetalingsjoernale vir Maart 2013. (20)

1.1.3 Stel die Bankrekening in die Algemene Grootboek op. (7)

1.1.4 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2013 op. (8)

1.1.5 Noem TWEE maniere hoe die interne kontrole van die besigheid verbeter kan word om situasies soos die verdwyning van die R5 000 te voorkom. (4)

1.1.6 Noem EEN voordeel om betalings deur middel van die Internet te doen. (2)

**INLIGTING:**

a) **Bankversoeningstaat van Blitz Handelaars op 28 Februarie 2013**.

| | |
|---|---|
| Debietsaldo soos per bankstaat | 2 220 |
| Uitstaande deposito's (5 000 + 7 000) | 12 000 |
| Tjeks nog nie vir betaling aangebied nie: | |
| Nr. 1812 (gedateer16 September 2012)* uitgereik aan B. Chop | 1 500 |
| Nr. 1834 (gedateer 27 Februarie 2013) uitgereik aan XY Dienste | 3 860 |
| Nr. 1848 (gedateer 18 Mei 2013) uitgereik aan PE Electronics | 6 660 |
| Krediteer bedrag foutiewelik gedebiteer | 570 |
| Kredietsaldo soos per Bankrekening | 1 670 |

*Tjeknr. 1812 is vir persoonlike gebruik aan die eienaar uitgereik. Die tjek is nie gebruik nie.

b) **Totale van die bankkolomme van die joernale op 31 Maart 2013:**

| | |
|---|---|
| Kontantontvangstejoernaal | R22 250 |
| Kontantbetalingsjoernaal | R15 500 |

c) **Bankstaat van Northmead Bank ontvang.**

***NORTHMEAD BANK***

**BANKSTAAT VAN BLITZ HANDELAARS**

Cambridgestraat 12 Datum: 28 Maart 2013

Oos-Londen Staatnommer: 221

| BESONDERHEDE | KREDIETE (+) DEBIETE (-) | | DATUM | SALDO | |
|---|---|---|---|---|---|
| *Saldo* | | | 1/3/2013 | 2 220 | (dt) |
| *Deposito* | 7 000 | + | 2/3/2013 | 4 780 | |
| *Kontanthanteringsfooi* | 35 | - | 4/3/2013 | 4 745 | |
| *Tjeknr. 1834* | 3 680 | - | 6/3/2013 | 1 065 | |
| *Tjeknr. 1855* | 2 660 | - | 10/3/2013 | 1 595 | (dt) |
| *Tjeknr. 1856* | 3 920 | - | 15/3/2013 | 5 515 | (dt) |
| *Verbetering van fout* | 570 | + | 15/3/2013 | 4 945 | (dt) |
| *Deposito* | 7 500 | + | 17/3/2013 | 2 555 | |
| *Stoporder – ASD Versekering* | 620 | - | 18/3/2013 | 1 935 | |
| *Tjeknr. 1858* | 3 330 | - | 19/3/2013 | 1 395 | (dt) |
| *Deposito – S. Jackson* | 5 600 | + | 20/3/2013 | 4 205 | |
| *Tjeknr. 1859* | 2 520 | - | 20/3/2013 | 1 685 | |
| *Onbetaalde tjek* | 830 | - | 20/3/2013 | 855 | |
| *Deposito* | 8 500 | + | 25/3/2013 | 9 355 | |
| *Kontantdepositofooie* | 132 | - | 26/3/2013 | 9 223 | |
| *Diensgelde* | 248 | - | 27/3/2013 | 8 975 | |
| *Rente op kredietsaldo* | 75 | + | 28/3/2013 | 9 050 | |

d) Die stoporder op 18 Maart 2013 is vir die versekering van die besigheid se voertuie.

e) Die deposito op 20 Maart 2013 is van die huurder ontvang as sy huur vir Maart 2013.

f) Die onbetaalde tjek is van ʼn debiteur, A. Skelm, ontvang.

g) Die korrekte bedrag vir tjeknr. 1834 op die bankstaat, is uitgereik vir die algemene instandhouding van die geboue.

h) ʼn Deposito van R6 250 op 29 Maart 2013, in die KOJ, verskyn nie op die bankstaat nie.

i) Tjeknr. 1857 (vir R2 320) en nr. 1860 (vir R?), is nie gedurende Maart 2013 vir betaling by die bank aangebied nie.

1.2 **Krediteureversoening**

Die onderstaande krediteuregrootboekrekening van Canes BPK (hieronder vertoon) verskyn in die boeke van MQ Winkels.

**GEVRA:**

1.2.1 Berei die krediteureversoeningstaat op 31 Maart 2013 voor. (9)

**INLIGTING:**

1. **KREDITEUREGROOTBOEK VAN MQ WINKELS**
**Canes BPK (KG5)**

| DATUM | | BESONDERHEDE | FOL | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 Mrt | 1 | Saldo | a/b | | | 24 760 |
| | 5 | Faktuurnr. 321 | | | 6 950 | 31 710 |
| | 7 | Debietnota-nr. 98 | | 490 | | 31 220 |
| | 20 | Tjeknr. 1123 | | 12 000 | | 19 220 |
| | | Korting Ontvang | | 600 | | 18 620 |
| | 25 | Faktuurnr. 487 | | | 6 840 | 25 460 |

2. Al die inligting in bogenoemde krediteuregrootboekrekening is korrek.

3. Die staat van Canes BPK ontvang, toon ’n saldo van R27 440, verskuldig aan hulle op 30 Maart 2013.

4. Die volgende verskille/foute is op die staat waargeneem:

   4.1 Die staat se faktuurtotaal op 5 Maart 2013 is R6 590.

   4.2 Beskadigde goedere op die 7$^{de}$ (R490) teruggestuur, verskyn aan die debietkant van die staat.

   4.3 Die korting wat op die 20$^{ste}$ ontvang is, toe betaling gemaak is, is nie deur Canes BPK in berekening gebring nie.

   4.4 Die 10% handelskorting op die aankope van goedere op die 25$^{ste}$ is weggelaat.

**50**

**VRAAG 2**

**FINANSIËLE STATE EN VENNOOTSKAPPE** **(100 punte; 60 minute)**

2.1 **Vaste Bates en Finansiële State**

Die onderstaande Inkomstestaat is voorberei deur die nuut-aangestelde boekhouer. Nadat inspeksie gedoen is, is daar baie foute ontdek.

**GEVRA:**

2.1.1 Boek na die Bateverkoperekening in die algemene grootboek oor. (8)

2.1.2 Stel die volgende notas in die Balansstaat op:

- Tasbare (Vaste Bates) (20)
- Handels- en ander ontvangbare bedrae (6)

2.1.3 Neem die addisionele inligting in aanmerking (asook die foute wat jy mag opspoor), en berei die korrekte Inkomstestaat vir die jaar voor. (35)

**INLIGTING:**

1. **Star Handelaars**

**Inkomstestaat vir die jaar eindigende 28 Februarie 2013**

| | |
|---|---|
| Verkope | 323 320 |
| Koste van Verkope | (192 000) |
| **BRUTOWINS** | **131 320** |
| **Ander Inkomste** | **80 030** |
| Huurinkomste | 71 500 |
| Korting Ontvang | 2 420 |
| Verkoop van Toerusting* Verwys na 2.1 | 3 000 |
| Rente op Vaste Deposito | 3 110 |
| **BRUTO-INKOMSTE** | **211 350** |
| **Bedryfsuitgawes** | **(123 110)** |
| Debiteure-afslag | 3 320 |
| Salarisse en Lone | 56 000 |
| Totale werknemersbydraes | 2 800 |
| Skryfbehoeftes | 5 330 |
| Verbruiksgoedere | 7 350 |
| Versekering | 3 920 |
| Telefoon | 6 410 |
| Aankoop van kantoortoerusting* Verwys na 2.2 | 7 600 |
| Bankkoste | 4 560 |
| Oninbare skulde | 1 220 |
| Voorsiening vir Oninbare skulde | 1 170 |
| Rente op Bankoortrekking | 970 |
| Diverse Uitgawes | 22 460 |
| **NETTOWINS VIR DIE JAAR** | **88 240** |

2. **Die volgende saldo's verskyn in die Proefbalans op 28 Februarie 2013.**

| | |
|---|---|
| Voertuie | 176 500 |
| Toerusting | 67 800 |
| Opgehoopte Waardevermindering op Voertuie (1/3/2012) | 79 200 |
| Opgehoopte Waardevermindering op Toerusting(1/3/2012) | 22 200 |
| Handelsvoorraad | 27 550 |
| Debiteurekontrole | ? |
| Voorsiening vir Oninbare Skulde (1 Maart 2012) | 1 320 |

2.1 Die "Verkoop van Toerusting"-bedrag in die Inkomstestaat is die kontant wat van ŉ werknemer ontvang is wat van die meubels/toerusting gekoop het wat vervang is. Die kosprys van die items was R5 500 en die drawaarde was R2 125. Die items is op 28 Februarie 2013 verkoop. Geen ander inskrywings is gemaak nie.

2.2 Die nuwe lessenaars en stoele is op 1 Desember 2012 gekoop. Die kosprys van die items is in die Inkomstestaat ingesluit. Die bedrag is ook in bostaande toerustingsaldo ingesluit.

2.3 Toerusting se waardevermindering word teen 15% p.j. op die verminderde saldo bereken.

2.4 Voertuie se waardevermindering word teen 15% p.j. op kosprys bereken.

3. **Die volgende aansuiwerings is nie deur die onervare boekhouer in aanmerking geneem nie:**

3.1 Die huur vir Februarie 2013 is nog nie ontvang nie.

3.2 Versekering sluit die maandelikse premies tot 30 April 2013 in.

3.3 Fisiese voorraadopname het aan die lig gebring dat die volgende voorraad voorhande is:
Handelsvoorraad, R25 640
Ongebruikte verbruikgoedere, R2 150

3.4 Die salaris van een klerk wat met verlof is, is nog nie aangeteken nie. Haar netto-salaris is R4 460. Haar totale aftrekkings beloop R2 340. Die werkgewer se bydraes is in berekening gebring.

3.5 Die telefoonrekening vir Februarie 2013, R480, is op 5 Maart 2013 betaal.

3.6 Geen voorsiening is vir waardevermindering gemaak nie (*verwys na punt 2 hierbo*).

3.7 Die besigheid maak voorsiening vir oninbare skulde teen 5% van Handelsdebiteure. Die boekhouer het 5% van die bestaande Debiteurekontrole-saldo bereken en die bedrag in die Inkomstestaat gebruik.

## 2.2 Vennootskappe en Interpretasie

Die onderstaande inligting is uit die finansiële state van SoFine Handelaars verkry.
Die besigheid behoort aan twee vennote, Yoga en Yash.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die ontbrekende bedrae in die onderstaande tabel (genommer A tot G.) (10)

| | YOGA | YASH | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Vennote se salarisse | **64 800** | **46 200** | **111 000** |
| Rente op Kapitaal | **A** | **7 500** | |
| Bonus | **-** | **E** | |
| Totale primêre verdeling | **B** | **D** | **C** |
| Aandeel van oorblywende wins | **F** | **G** | **14 820** |
| Nettowins vir die jaar | | | **154 670** |

2.2.2 Voltooi die volgende finansiële aanwysers:

(a) Skuld/Eienaarsbelangverhouding (3)

(b) Persentasie-opbrengs deur Yoga verdien. (Gebruik gemiddelde eienaarsbelang) (5)

2.2.3 Yoga is van mening dat die besigheid se likiditeitsposisie gesond is. Verduidelik waarom jy dink dat hy so voel. Haal TWEE aanwysers (met getalle) aan om jou antwoord te motiveer. (6)

2.2.4 Yash is nie tevrede met haar persentasie-opbrengs op eienaarsbelang in vergelyking met Yoga s'n nie. Gee EEN moontlike rede hoekom sy so voel. Haal getalle aan om jou motivering te staaf. (3)

2.2.5 Die besigheid wil uitbrei en het bespreek om die bestaande gebou te vergroot. Die verwagte koste van die uitbreiding bedra R200 000. Deur na die finansiële state en die aanwysers te kyk, stel verskillende maniere voor hoedat die projek gefinansier kan word. (*Twee punte*) (4)

**INLIGTING:**

1. **Inligting van die Balansstaat op 28 Februarie 2013.**
***(met vergelykende bedrae)***

| | | FEBRUARIE 2013 | FEBRUARIE 2012 |
|---|---|---|---|
| Vaste Bates (Drawaarde) | | 422 660 | 337 520 |
| Beleggings (11% p.j.) | | 160 000 | 30 000 |
| Bedryfsbates | | 113 560 | 121 050 |
| | | | |
| **TOTALE BATES** | | 696 220 | 488 570 |
| | | | |
| Eienaarsbelang | | 534 580 | 301 510 |
| Kapitaal | Nota 1 | 475 000 | 325 000 |
| Privaatrekeninge | Nota 2 | 59 580 | (23 490) |
| Nie-Bedryfsbates (12% p.j.) | | 94 840 | 138 640 |
| Bedryfsbates | | 66 800 | 48 420 |
| | | | |
| **TOTALE LASTE** | | 696 220 | 488 570 |
| | | | |

| **Nota 1: Kapitaal** | YOGA | YASH |
|---|---|---|
| Saldo op 1 Maart 2012 | 200 000 | 125 000 |
| Toevoegings / (onttrekkings) | 75 000 | 75 000 |
| Saldo op 28 Februarie 2013 | 275 000 | 200 000 |

**Opsomming van inligting van die Privaatrekeninge van die vennote:**

a. **Privaatrekeninge se saldo's:**

| **Privaatrekeninge se saldo's:** | YOGA | YASH |
|---|---|---|
| Beginsaldo (1 MAART 2012) | (24 690) | 1 200 |
| Eindsaldo (28 FEBRUARIE 2013) | 17 040 | 42 540 |

b. **Salaristoelaag van vennote vir die jaar eindigende 28 Februarie 2013:**

| | |
|---|---|
| Yoga | R64 800 |
| Yash | R46 200 |

c. **Vennote se onttrekkings vir die jaar eindigende 28 Februarie 2013:**

| | |
|---|---|
| Yoga | R47 400 |
| Yash | R24 200 |

| | | |
|---|---|---|
| d. | Die nettowins van die Inkomstestaat | R154 670 |
| e. | Die wins na die aftrekking van die primêre verdeling van die vennote (oorblywende wins vir finale verdeling) | R14 820 |

2. ***Addisionele Inligting*:**
   - Rente op kapitaal teen 6% p.j. op kapitaalsaldo's.
     Yoga het sy kapitaal op 1 Mei 2012 verhoog en Yash het haar kapitaal op 28 Februarie 2013 verhoog.
   - Yash (die verkoopsbestuurder) is geregtig op 'n jaarlikse bonus.
   - Winste en verliese word in die verhouding van hulle kapitale aan die einde van die jaar verdeel.

3. **Finansiële aanwysers vir 2013 (*met vergelykende syfers*).**

| | **2013** | **2012** |
|---|---|---|
| Bedryfsverhouding | 1,7 : 1 | 2,5 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 1,1 : 1 | 1,8 : 1 |
| Debiteure-invorderingsperiode | 31 dae | 42 dae |
| Krediteure-betalingsperiode | 76 dae | 82 dae |
| Skuld/Eienaarsbelangverhouding | ? | 0,45 : 1 |
| Opbrengs op totale kapitaal aangewend | 28% | 22,4% |
| % opbrengs deur Yoga verdien | ? | 72,3% |
| % opbrengs deur Yash verdien | 53,7% | 54,4% |

**100**

## VRAAG 3

**KONTANTBEGROTINGS** **(40 punte; 24 minute)**

Jy word voorsien met inligting aangaande ŉ alleeneienaar, Sentry Handelaars.

**GEVRA:**

3.1 Bereken die persentasie goedere gedurende Februarie 2013 op krediet verkoop. (4)

3.2 Bereken die bedrag wat die besigheid verwag om gedurende Maart 2013 van die debiteure te ontvang. *(Debiteure-invorderingskedule)* (8)

3.3 Stel die Kontantbegroting vir Maart 2013 op. (20)

3.4 Die besigheid beoog om nog twee addisionele winkelassistente, teen dieselfde salaris as die huidige werknemers, in April 2013 aan te stel. Is dit volgens jou mening ŉ wyse besluit? Motiveer jou antwoord deur van die gegewe inligting gebruik te maak. (4)

3.5 Vergelyk die werklike syfers vir Februarie 2013 met die begrote bedrae vir Maart 2013. *(Verwys na punt 14 van die inligting voorsien)*

Voorsien die eienaar van raad hoedat hy die interne kontrole kan verbeter deur van enige TWEE items op die lys gebruik te maak. Jy hoef nie bedrae/syfers aan te haal nie. (4)

**INLIGTING:**

1. ***Verkoopsyfers vir 2013***

| MAANDE | WERKLIKE | | BEGROTE | |
|---|---|---|---|---|
| | KONTANT | KREDIET | KONTANT | KREDIET |
| JANUARIE | 18 800 | 75 200 | | |
| FEBRUARIE | 12 600 | 50 400 | | |
| MAART | | | 19 600 | 78 400 |

2. **Kredietverkope word gewoonlik soos volg ingevorder:**
   - 50% in die maand van verkope (die debiteure ontvang 5% afslag)
   - 30% na 30 dae (in die maand na verkope)
   - 15% na 60 dae (twee maande na verkope)
   - 5% word as oninbaar afgeskryf.

3. **Aangaande handelsvoorraad, moet van die volgende kennis geneem word:**
   - Die besigheid handhaaf ŉ 40% winsopslag op verkope en ŉ vaste basis handelsvoorraad. (voorraad word vervang in die maand waarin dit verkoop word)
   - Alle aankope van voorraad is op krediet.
   - Krediteure word betaal in die maand na aankope van voorraad.

4. Die rente op die vaste-deposito bedra R4 800 p.j.. Dit word in twee gelyke paaimente op 1 Maart 2013 en 1 September 2013 ontvang.

5. Die bedryfsuitgawes bedra R18 000 per maand en is per tjek betaal.

6. Salarisse bedra R24 000 per maand. Gedurende Maart 2013 sal die vier winkelassistente ook hulle produksiebonusse van 80% van hulle maandelikse salaris ontvang.

7. Die totale huurinkomste van die vorige finansiële jaar was R36 000. Daar word verwag dat die huur op 1 Maart 2013 met 15% gaan verhoog.

8. Die eienaar stem saam dat sy onttrekkings nie meer as R2 000 per maand behoort te wees nie. Dit moet uit R1 500 kontant en handelsvoorraad ter waarde van R500 bestaan.

9. Opknappingswerk is aan die kantoor- en ontvangsarea in Desember 2012 gedoen. Nuwe kantoortoerusting, insluitend rekenaars, is op 1 Januarie 2013 vir R96 000 aangekoop. Dit word in 12 gelyke maandelikse paaiemente afbetaal. Waardevermindering op toerusting beloop R7 800 (insluitend die nuwe toerusting).

10. Bankkoste beloop gemiddeld R500 per maand.

11. R2 000 per maand is vir die instandhouding van die geboue geoormerk.

12. Mnr. Senta het besluit dat hy gedurende Maart 2013 sy kapitaalbydrae gaan verhoog deur R40 000 kontant en toerusting ter waarde van R17 000 by te dra.

13. Die banksaldo reflekteer 'n oortrokke saldo van R6 000 op 28 Februarie 2013.

14. Die boekhouer het die volgende werklike bedrae vir Februarie 2013 voorsien:

| | |
|---|---|
| Huurinkomste | 1 000 |
| Onttrekkings | 3 210 |
| Bankkoste | 525 |
| Instandhouding van geboue | 3 780 |

**40**

## VRAAG 4

**KLUBS** **(30 punte; 18 minute)**

4.1 **Ledegeld**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van City SportKlub vir die finansiële jaar eindigende 31 Desember 2012.

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die totale bedrag ledegeld verskuldig deur al die lede vir hierdie finansiële jaar. (Inkomste- en uitgawebedrag) (7)

4.1.2 Stel die Ledegeldrekening vir die jaar eindigende 31 Desember 2012 op. (12)

**INLIGTING:**

1. **Inligting van die na-afsluitings proefbalans op 31 Desember 2011:**

| | |
|---|---|
| Opgelope Inkomste (Ledegeld) | 480 |
| Vooruitontvange Inkomste (Ledegeld) | 900 |

2. **Die grondwet van die klub bepaal die volgende:**
   - Ledegeld per jaar, per lid is R60 (dit het die afgelope twee jaar dieselfde gebly.)
   - Ledegeld van lede wat gedurende die jaar by die klub aansluit, sal pro rata bereken word vir die onverstreke maande van die finansiële jaar. Enige deel van ’n maand sal as ’n volle maand gereken word.

3. Daar was 108 lede op die klubregister op 31 Desember 2011, die laaste dag van die vorige finansiële jaar.

4. 12 nuwe lede het op 1 Junie 2012 aangesluit.
   15 nuwe lede het op 12 September 2012 aangesluit.
   Hulle het almal hulle ledegeld ten volle betaal.

5. Van die uitstaande ledegelde van 2011, het net vier lede hulle rekeninge vereffen. ’n Werklose lid is toegelaat om sy uitstaande fooie vir 2011 te vereffen deur klein herstelwerkies aan die klubhuis te doen.
   Die saldo van die bedrag van verlede jaar wat nog verskuldig is, moet afgeskryf word en die nie-betalers van die klub moet geskors word.

6. Ses lede het gedurende die jaar hulle ledegeld vir 2013 betaal.

7. Vyf lede het nie hulle ledegeld vir die huidige finansiële jaar betaal nie.

4.2 **Ontleding van Transaksies:**

Die onderstaande transaksies is uit die boeke van City SportKlub geneem.

Skryf vir elke transaksie, slegs die bedrag, onder die gepaste opskrif in die tabel voorsien, soos aangedui per voorbeeld: (11)

*Voorbeeld: Affiliasiefooie van R800 is op 1 Januarie 2012 betaal. R200 van die bedrag is vir die volgende rekenkundige tydperk.*

| NR. | **STAAT VAN ONTVANGSTES EN BETALINGS – 31 DESEMBER 2012** | | **STAAT VAN INKOMSTES EN UITGAWES – 31 DESEMBER 2012** | |
|---|---|---|---|---|
| | **ONTVANGSTES** | **BETALINGS** | **INKOMSTE** | **UITGAWES** |
| Vb. | | 800 | | 600 |

**TRANSAKSIES:**

1. Die Lonekolom in die kontantjoernaal is R9 900. R6 000 is vir arbeidskoste ten opsigte van die konstruksie van ŉ ekstra vertrek tot die klubhuis.

2. Die bedrag toetreegeld bedra R3 000. Die klub se beleid is dat toetreegeld gekapitaliseer moet word.

3. Breekware per tjek aangekoop, R1 400. Totaal van goedere wat gebreek is, is R300.

4. Verversings word met winsopslag van 60% kontant verkoop. Die koste van die verversings verkoop, bedra R5 590. R2 500 is nog aan die voorsieners van verversings verskuldig.

5. Die sekretaresse is geregtig op ŉ honorarium van R350 wat eers op 25 Januarie 2013 betaal sal word.

**30**

## VRAAG 5

**VERVAARDIGINGSONDERNEMINGS** **(35 punte; 21 minute)**

5.1 **Maak 'n kruis (X) onder die geskikte afdeling van die onderstaande gelyste items**

| | ITEM | PRIMÊRE KOSTE | FABRIEKS-BOKOSTE | ADMINISTRASIE KOSTE | VERKOOPS- EN VERSPREID-INGSKOSTE |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Indirekte materiaal | | | | |
| 5.1.2 | Advertensies | | | | |
| 5.1.3 | Direkte Arbeid | | | | |
| 5.1.4 | Fabriekshuur | | | | |
| 5.1.5 | Kantoorskryfbehoeftes | | | | |

(5)

5.2 **Julius Mamba vervaardig handsakke. Hy werk vanaf die huis en gebruik sy pa se garage daarvoor. Hy is baie seker dat hy slegs 40 handsakke per maand kan vervaardig.**

**Sy gemiddelde maandelikse uitgawes is soos volg:**

| | |
|---|---|
| Materiaal en ander benodigdhede vir 40 handsakke | 520 |
| Direkte arbeidskoste vir 40 handsakke | 555 |
| Huur vir die gebruik van die garage | 1 250 |
| Water en elektrisiteit (60% is veranderlike koste) | 775 |
| Indirekte materiaal wat gebruik word vir die vervaardiging van die handsakke | 460 |
| Diverse uitgawes met die produksieproses | 200 |

5.2.1 **Bereken:**

a) Die totale vaste koste (2)

b) Die totale veranderlike koste (2)

5.2.2 Verduidelik die konsep **"gelykbreekpunt"**. (2)

5.2.3 Bereken die verkoopprys by die gelykbreekpunt.
Kan Julius tevrede wees om die handsakke teen die prys te verkoop?
Verduidelik. (7)

5.3 **Die volgende onvoltooide grootboekrekeninge verskyn in die boeke van Target Produkte vir die finansiële jaar eindigende 28 Februarie 2013.**

Die besigheid vervaardig skryfbehoefte-sakkies vir leerders. Dit word teen ŉ konstante winsopslag van 25% op kosprys verkoop.

**GEVRA:**

5.3.1 Voltooi, waar van toepassing, al die gepaste besonderhede en bedrae. *(aangedui deur ŉ *)* (17)

**INLIGTING:**

a) 18 200 eenhede is gedurende die jaar geproduseer en 16 825 eenhede is verkoop.

b) Die fabrieksbokoste was R2,50 per eenheid.

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN TARGET PRODUKTE**

BALANSSTAAT REKEKENINGE

**GOEDERE-IN-BEWERKING (B8)**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Maart | 1 | Saldo | 10 200 | 2013 Feb | 28 | * | * |
| 2013 Feb | 28 | * | 38 420 | | | Saldo | 14 000 |
| | | Direkte arbeidskoste | 65 480 | | | | |
| | | Fabrieksbokoste | * | | | | |
| | | | * | | | | * |
| 2013 Maart | 1 | Saldo | * | | | | |

**KLAARPRODUKTE VOORRAAD (B9)**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 Maart | 1 | Saldo | 0 | 2013 Feb | 28 | * | * |
| 2013 Feb | 28 | * | * | | | Saldo | * |
| | | | | | | | |
| | | | * | | | | * |
| 2013 Maart | 1 | Saldo | * | | | | |

FINALE REKENINGE

**HANDELSREKENING**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 Feb | 28 | Koste van Verkope | * | 2013 Feb | 28 | * | * |
| | | * | * | | | | |
| | | | * | | | | * |
| | | | | | | | |

**35**

**VRAAG 6**

**BTW EN VOORRAADSTELSELS (45 punte; 27 minute)**

6.1 **BTW**

**GEVRA:**

6.1.1 **Dui aan of die volgende stellings Waar of Onwaar is.**

(a) Die faktuurmetode beteken dat die BTW verklaar word as die geld ontvang betaal word.
(b) Alle besighede moet registreer as BTW-vendors.
(c) Persone wat van publieke vervoer gebruik maak, betaal nie BTW nie.
(d) Noodsaaklike goedere soos brood en melk word teen 0%-koers belas. (8)

6.1.2 Die volgende inligting is uit die boeke van Tidy Skoonmaak Dienste geneem. Die besigheid is ŉ geregistreerde BTW-vendor en betaal die BTW aan SAID verskuldig op die 25ste van elke maand.

Gedurende Julie 2013 is die volgende lys van betalings gemaak. Sommige bedrae word gegee. Van jou word verwag om die berekeninge, waar nodig, te voltooi.

| UITGAWES | BTW UITGESLUIT | BTW | BTW (INGESLUIT) |
|---|---|---|---|
| Huur | 6 400 | 896 | 7 296 |
| Salarisse en Lone | 28 000 | | |
| Telefoon | 1 250 | | 1 425 |
| Advertensie en Versekering | 2 900 | | |
| Skoonmaakmateriaal | | | 44 232 |
| Skryfbehoeftes | 550 | 77 | |
| Brandstof (Petrol) | 2 480 | | |

- Fakture vir dienste gelewer gedurende Julie 2013 uitgereik, bedra R61 900 (BTW uitgesluit). Hulle het ook fooi-inkomste van R7 182 van kontantklante ontvang (BTW ingesluit).

**VRAE:**

(a) Na aanleiding van bostaande inligting, bereken die bedrag BTW wat City Skoonmaak Dienste aan SAID op die 25ste Augustus 2013 sal moet betaal. (toon alle berekeninge – moenie net die finale antwoord gee nie.) (13)

(b) As ŉ geregistreerde rekenmeester, het jy waargeneem dat die eienaar, P. Mandla, die skoonmaakmateriaal-rekening onregmatig met R5 000 verhoog.
- Gee jou mening oor Mandla se optrede en verduidelik watter stappe jy sal neem. (4)

## 6.2 VOORRAADSTELSELS

Jubilee Winkels maak van die periodieke voorraadstelsel gebruik om hulle voorraad aan te teken. Die inligting voorsien, is geneem uit hulle rekenkundige rekords vir die finansiële jaar eindigende 30 September 2013. Goedere word teen ʼn winsopslag van **50%** op kosprys verkoop.

**GEVRA:**

6.2.1 Voltooi die Aankoperekening, wat in die antwoordeboek voorsien word, deur die ontbrekende besonderhede en getalle in te vul. (7)

6.2.2 Bereken die Brutowins wat deur die besigheid verdien is. (Jy mag ʼn Handelsrekening opstel om die bedrag te bereken) (8)

6.2.3 Bereken die Brutowins-persentasie wat behaal is. (3)

6.2.4 Gee ʼn geskikte rede waarom die winsopslag van 50% op kosprys nie bereik is nie. (2)

**INLIGTING:**

1. Die volgende saldo's verskyn (onder andere) in die Vooraansuiwerings-Proefbalans op 30 September 2013.

| | |
|---|---:|
| Kapitaal | 550 000 |
| Onttrekkings | 55 140 |
| Debiteurekontrole | 75 000 |
| Handelsvoorraad (1 Oktober 2012) | 211 900 |
| Verkope | 915 000 |
| Aankope | 684 240 |
| Vraggeld op Aankope | 9 610 |
| Vraggeld op Verkope (Afleweringsuitgawes) | 7 455 |
| Debiteure-afslag | 24 170 |
| Krediteure-afslag | 10 350 |

2. Op 28 September 2013 het die besigheid goedere (verkoopprys: R 2 160) aan die plaaslike gholfklub, vir hulle fondsinsameling, geskenk. Hierdie transaksie is nie geboekstaaf nie.

3. Daar is ontdek dat ʼn faktuur wat van Wheirs Cash and Carry ontvang is, nog nie aangeteken is nie. Die faktuur het die volgende getoon:

| | |
|---|---:|
| Handelsware gekoop, | 9 550 |
| Vervoerkoste, | 320 |
| | 9 870 |

4. Die eienaar neem goedere (kosprys R2 000) vir persoonlike gebruik.

5. ʼn Fisiese voorraadopname op 30 September 2013 toon dat die waarde van voorraad op hande R255 000 is.

6. ʼn Bedrag van R145, vir vervoer op verkope, was nog van ʼn debiteur uitstaande.

**45**

**TOTAAL: 300**